# Resensies


- Coertzen, Pieter. 2004. **“Decently and in order”: A theological reflection on order for and in the church.** Leuven: Peeters.
  (*N. Vorster*) .......................................................................... 699
- Ariarajah, S.W. 2004. **Axis of peace: Christian faith in times of violence and war.** Genève: WCC Publications.
  (*J.H. van Wyk*) .................................................................... 701
- Gerber, Attie. 2004. **Bôgom.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
  (*Karen de Wet*) .................................................................... 702
- Sleigh, Dan. 2004. **Die buiteposte: VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*Johann W.N. Tempelhoff*) ................................................ 706
- Van der Merwe, Rita. 2004. **Johanna Brandt en die kritieke jare in die Transvaal, 1899-1908.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*L.A. Changuion*) ................................................................ 710
- Van der Vyver, Johann D. 2004. **Leuven lectures on religious institutions, religious communities and rights.** Leuven: Peeters.
  (*N. Vorster*) .......................................................................... 712

# Resensies

## Orde in die kerk

**Coertzen, Pieter.** 2004. **"Decently and in order": A theological reflection on order for and in the church.** Leuven: Peeters. 297 p. Price: €40,00. ISBN: 90-429-1494-7.

**Resensent:** *N. Vorster*
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie boek is die Engelse verwerking van *Gepas en ordelik* wat in 1991 verskyn het.

In die eerste hoofstuk bespreek die skrywer die noodsaak van orde in die kerk. Hy beklemtoon die feit dat die kerk sy orde aan die Skrif ontleen en dat die orde in die kerk moet ooreenstem met die wese van die kerk. Belangrike Skriftuurlike beginsels vir kerkregering word op 'n goed verantwoorde, hermeneutiese grondslag uitgelig.

In Hoofstuk 2 word metodologiese vertrekpunte bespreek in die beoefening van kerkreg en kerkregering. Coertzen bespreek metodologiese uitgangspunte in verskillende kerklike tradisies en gee verskeie beginsels vir 'n gesonde kerkregtelike metodologie waaronder die koninkryk, die wese van die kerk, Christus as die enigste Hoof van die kerk, die wyse van Christusregering deur Woord, Gees en dienste en die perspektief van die opbou van die kerk as doel van kerkregering. Belangrike Skriftuurlike perspektiewe word gegee waarin sentrale Bybelse temas wat op die kerk betrekking het, goed uitgelig word. Die skrywer onderskei tussen kerkregtelike beginsels wat direk uit die Woord afgelei kan word en toepassings van daardie beginsels, wat deur tyd en omstandighede bepaal word. Hy openbaar ook 'n goeie verstaan van die eiesoortige

hermeneutiek van die kerkreg en slaag daarin om legalistiese sienings te vermy.

In Hoofstuk 3 word die bronne van die kerkreg bespreek. Na ’n historiese oorsig word tot die konklusie gekom dat die Woord van God die primêre bron vir die kerkreg moet wees, omdat Christus die kerk deur sy Woord regeer. Daarmee erken Coertzen ook die dinamiese karakter van die kerkreg. Sekere kerkregtelike beginsels is onveranderlike beginsels wat altyd vir die kerk moet geld. Ander beginsels is egter veranderlik en behoort aan te pas by veranderende situasies. Die uitgangspunt is altyd die opbou van die kerk. Saam met die Skrif as primêre bron, erken hy ook sekondêre bronne soos die belydenisskrifte, kerkordes, amptelike kerklike dokumente en geskrifte van teoloë.

In Hoofstuk 4 word die funksie van die kerklike reg bespreek. Die skrywer definieer kerkreg as ’n teologiese wetenskap en nie ’n juridiese wetenskap nie. Kerkreg bestudeer die organisasie van die kerk in die lig van die Skrif en sy historiese gestalte. Die bestudering van die kerkgeskiedenis en die vergelyking van verskillende kerkregeringstelsels is ’n belangrike taak van die kerkreg.

In Hoofstuk 5 bespreek die skrywer die wyse waarop ’n kerkorde in die kerk gebruik moet word. Hy gee belangrike hermeneutiese beginsels vir die interpretasie van ’n kerkorde, soos byvoorbeeld dat die kerkorde Christus se gesag moet bedien en nie gebruik kan word om menslike gesag te bedien nie; dat op die teologiese begronding van kerkorde-artikels gelet moet word; dat die samehang van artikels bestudeer moet word en dat die praktiese situasie altyd deeglik verdiskonteer moet word om ’n legalistiese gebruik van die kerkorde te verhoed. In die laaste hoofstuk gee die skrywer ’n historiese oorsig oor die geskiedenis van kerkreg en kerkregering in episkopaalse kerke en kerke van die reformasie in verskillende lande.

Hierdie boek word sterk aanbeveel vir alle gereformeerde kerkregtelikes, teoloë, studente en predikante, en wel om die volgende redes:

- Die boek bespreek ’n wye literatuuromvang oor die kerkreg wat die leser help om homself in die kerkreg te oriënteer. Deeglike historiese perspektiewe word tegelykertyd gebied. Teologiese studente sal vind dat hierdie boek hulle ’n goeie inleiding in die kerkreg gee.

- ’n Goeie teologiese grondslag word op ’n hermeneuties-verantwoorde wyse aan die kerkreg gegee.
- Die skrywer bied ook ’n goeie hermeneutiek van kerkregtelike interpretasie, wat die teologiese aard van kerkreg respekteer, die praktiese gerigtheid van kerkreg verreken en legalisme vermy. Predikante sal veral Hoofstuk 5 as bruikbaar vir die bediening ervaar.

*Decently and in order* is ’n standaardwerk in kerkreg. Enige kerkregtelike studie wat nie van hierdie boek kennis neem nie, sal ’n leemte vertoon. Dit is verblydend dat hierdie werk nou ook in Engels beskikbaar is.

# Die wentelpunt van vrede

**Ariarajah, S.W.** 2004. **Axis of peace: Christian faith in times of violence and war**. Genève: WCC Publications. 137 p. Price: US$15. ISBN: 2-8254-1394-1.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*
(Navorser: Fakulteit Teologie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Op die agterblad word die skrywer bekend gestel as ’n Metodiste predikant en ’n kundige van die godsdienste van Sri Lanka, asook professor in ekumeniese teologie aan die teologiese skole van Drew University, Madison, New Jersey (VSA).

Die boek bestaan uit sewe hoofstukke wat agtereenvolgens die volgende temas behandel: “Do nog weep for me”; ’n tyd om te besin; die geweld van oorlog; oorlog, patriotisme en demokrasie; godsdiens en geweld; geweld en oorlog in die Bybel; wentelpunte (“axis”) van vrede.

In Hoofstuk 3 word die teorie van ’n regverdige oorlog krities bespreek, die Amerikaanse inval in Irak word as twyfelagtig beskryf en daar word sterk in die rigting van geweldloosheid of pasifisme geredeneer. In Hoofstuk 6 word geweld en oorlog (op teologies redelik oppervlakkige wyse) in die lig van die Bybel ondersoek,

terwyl die tweede helfte van die hoofstuk nie oor Skrifgegewens handel nie. In Hoofstuk 7 word die “axis of peace” bespreek, naamlik geregtigheid (as voorwaarde vir vrede), versoening (as die pad na vrede) en geweldloosheid (as die hoop op vrede). Ook hier ontbreek soms diepgaande teologiese ontleding van die betrokke konsepte soos hulle in die Ou en Nuwe Testament aan die orde gestel word.

Die aanleiding tot die skryf van die boek is waarskynlik geleë in die uitbreek van die oorlog in Irak. Hierdie oorlog het daartoe aanleiding gegee dat Christene allerlei vrae begin vra het: Wat leer die Bybel oor geweld, (regverdige) oorlog en vrede? Hoe ver strek die betekenis van patriotisme? Kan haat nie deur versoening oorwin word nie? Die skrywer ondersoek ook die vraag wat geweld doen aan diegene wat dit ervaar, sowel as diegene wat daarvan gebruik maak. Dit is duidelik dat Ariarajah ’n kritiese standpunt inneem teenoor die Amerikaanse aanpak van internasionale vraagstukke.

Die boek stel belangrike vrae aan die orde en is in ’n maklik verstaanbare trant geskryf, maar munt nie uit in teologiese diepgang nie. Die pasifisme wat die skrywer in die slothoofstuk aanbeveel, ontbeer ’n sterk teologiese onderbou. Die boek het ongetwyfeld waarde vir iemand wat homself vinnig ten opsigte van die tema van “oorlog en vrede” wil oriënteer, maar sal nie die ernstige leser bevredig wat na meer teologiese diepgang soek nie.

# ’n Fotobeeld van bobbejane

**Gerber, Attie.** 2004. **Bôgom.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 160 p.
Prys: R150,00. ISBN: 0 7993 3316 6.

**Resensent:** *Karen de Wet*
(Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria)

Die lokteks van die bekende *50/50*-man, televisieregisseur en deesdae ook professor in “korporatiewe en dokumentêre video- asook digitale fotografie” aan die Noordwes-Universiteit, Attie Gerber, se boek *Bôgom* stel dat dit ’n “fotoboek” is wat fokus op “bobbejane se bewaringstatus”. En voorwaar, dit is die beste deel van die boek: Gerber se foto’s. As jy ’n diereliefhebber is, of selfs

net goeie foto's waardeer, is dit al genoeg rede om die boek aan te skaf.

Dieselfde kan ongelukkig nie van die teksaanbod gesê word nie – 'n aspek waarvoor die leser die uitgewer onwillekeurig verantwoordelik hou; veral as in gedagte gehou word dat die boek (wat ook in Engels beskikbaar is) internasionale aandag gekry het – juis op grond van die foto's en die onderwerp. Die vraag kan sekerklik gevra word of LAPA se redakteurs en teksversorgers wat onder andere vir die publikasie van hulle deurgaans uitstekende kinderboeke verantwoordelik is, nie 'n groter bydrae tot die teksverfyning van hierdie boek kon gemaak het nie. Die aanslag probeer informeel wees – iets wat 'n mens sou kon verwelkom, mits dit meer geslaagd aangebied was. Wat egter in die teks gebeur, is dat ek-vertellings, biografiese gegewens, algemene mededelings, redelik oppervlakkige inligting oor film en fotografie, persoonlike reaksies, opsommings van bestaande tekste oor of met betrekking tot bobbejane, sienings en navorsing oor bobbejane, en dies meer, aangebied word in 'n toonaard en met 'n aanslag, wat deurentyd rondspring.

Verder kan met reg gevra word: Wie is die teikenmark? Beslis nie die amateurfotograaf nie. Daarvoor is 'n paragraaf soos die volgende heeltemal te oppervlakkig: "Ek het eerstens geleer om die 'goue uur' van die dag te gebruik. Dit is die uur ná sonopkoms en die uur voordat die son sak. Tweedens het ek professionele films gebruik …".

Aanskaffers van koffietafelboeke of ekotoeriste kan ook kwalik die teikenmark wees. Skitterende foto's word te dikwels van byskrifte voorsien wat beslis beter geformuleer kon wees, of het soms 'n ietwat neerbuigende toonaard. Vergelyk byvoorbeeld die volgende: "Laatmiddag by die waterplek. Kantbeligting gee altyd 'n mooi effek"; "Ek was gedurig op die uitkyk vir foto's wat vorm en massa beklemtoon"; "Nog 'n voorbeeld van agterlig, en die komposisie van die twee het my oog gevang". By verskillende uitstekende foto's wat bobbejane uitbeeld, is niksseggende en selfs irrelevante byskrifte gevoeg: "Bobbejane se bedreigde status is maar laag"; "In een Namibiese jagpakket kan bobbejane gratis geskiet word"; "Danny van die Einstein-trop se pelskleur was besonder donker"; "Piet, die alfa-mannetjie van die Einstein-trop se kleur was meer grysbruin". Weer eens kan 'n mens vra: Kon die uitgewer die teksversorging nie met meer aandag hanteer het nie?

Die probleem met die relevansie, formulering en toonaard van byskrifte is ook die kern van die probleem met die boek se teks. Die een oomblik is die leser nog besig om te besluit of hierdie (en let wel: waardevolle, interessante) inligting vir ’n laerskoolklas aangebied word, vergelyk bv. p.83:

> Mannetjies en wyfies het oor die algemeen ledemate wat langerig voorkom. Binne ’n trop kan daar egter bonkiges en leniges wees. In die Koepel-troppe kan Tito en Piet as bonkig beskryf word, terwyl Brian weer lenig is. Dieselfde onderskeiding [sic] geld vir Einstein (lenig) en Schatzi (meer bonkig). Wanneer ’n bobbejaan op ’n vlak skuins en hoër as jy staan, is dit maklik om die verskil in lengte tussen die voorste en agterste ledemate te sien. In mensetaal [sic] is die arms (voorbene) beduidend langer as die bene (agterbene) …

en die volgende oomblik verander die teks in ’n anekdotiese vertelling in die ek-vorm: “Of bobbejane almal balvaardig is, weet ek nie. Eendag het ek oorskiettamaties … geneem … My rigting was ’n bietjie skeef, en die knaap het die tamatie gevolg. Hy het net-net aangeslaan, maar ek was beïndruk met sy balvaardigheid” (p. 83-6).

Lesers wat hierdie soort toonaard kan akkommodeer, sal Gerber se boek kan lees – mits hulle in staat is om ’n blinde oog te draai na leemtes in die teksversorging. Met p. 87 lukraak as voorbeeld gekies, begin die agt paragrawe teks wat op hierdie bladsy afgedruk word, een ná die ander deur ’n eenselwige sinspatroon te gebruik:

> Bobbejane se ledemate …
>
> Bobbejane loop hande-viervoet.
>
> Bobbejane kan op hulle agterbene staan …
>
> Bobbejane trek …
>
> Bobbejane verlaat nie …
>
> Bobbejane kan omtrent …
>
> Bobbejane is omnivore en hulle eet omtrent enigiets …
>
> Hulle [dankie tog, nie vir die agtste keer *bobbejane* nie] is baie lief vir landbougewasse …

Met bogenoemde styltekortkominge reeds genoem, pla die onnoukeurige taalgebruik en -foute ook nog: “al die vry bobbejane sak op die mielies toe …” (p. 9); “ek en Bonnie se verhouding” (p.18); “… wie se stert per ongeluk in die vuur beland het, en hy toe sy baas gebyt het” (p. 48); “Onbewus dat sy liggaam gevind is, het ’n ander …” (p. 51); “… en die twee Boere het die lyk weggedra,

presies soos hulle verkla is" (p. 51); "Almal het egter om krokodilredes by een plek gaan water suip" (p. 117); "en dit het saamgegaan met die strek van die gesigvel" (p. 131); "die akwarelle (tekeninge in deursigtige waterverf)" (p. 33); "Dat Kees byna die stuipe gekry het toe Le Vaillant die slang aan sy stert gebind het, vra nie 'n goeie geestesoog nie"(p. 35).

Sou 'n mens nie minstens versorgde taal en styl verwag in die boek waarvan die fotograaf en outeur "dr. Frits Kok, bestuderende direkteur van die ATKV" aandui as medelid "op die beheerraad van die ATKV-Skryfskool" en wat 'n ontmoeting tussen hulle tydens 'n "beheerraadsvergadering" (p. 21) asook die wys van 'n portefeulje foto's aan "'n paar ander ATKV-grootbase" (p. 22) as die begin van *Bôgom* aandui nie? (Boonop: waar was die uitgewersredakteur wat kon besef: as hierdie soort inligting die leser dan *moet* bereik, gebruik tog eerder iets soos 'n *Woord vooraf* en hou dit uit die eerste hoofstuk wat reeds 'n hutspot is.)

Lesers wat geïnteresseerd genoeg in die foto's en die inhoud is om hierdie leesversperrings te oorkom, kan wel weet dat hulle met bladsye se inligting oor bobbejane gekonfronteer gaan word. Die kern van die boek is 'n dokumentering van bobbejane – spesifiek twee bobbejaantroppe wat deur *Care* in die Vredefortkoepel hervestig is. In die slothoofstuk oor "bobbejane en mense", word uitgebreid aan hierdie organisasie aandag gegee. Die tweede hoofstuk begin met inligting oor die klassifikasie van spesies en subspesies, voordat bronne waarin daar na bobbejane in Suid-Afrika verwys word, opgehaal word. Die eerste hiervan was Lancaster se 1591-beskrywing van "ouer-growen monkeis" (p. 30). Hierdie hoofstuk vestig die procédé wat in die res van die boek gevolg gaan word, naamlik om kort opsommings te bied van bronne oor bobbejane, of bronne wat na bobbejane verwys. Vergelyk byvoorbeeld die weergawe van Eugène Marais se navorsing oor bobbejane in die vierde hoofstuk: "Die siel van die bobbejaan". Hoofstuk 3 bied eweneens 'n byeenbring van inligting oor bobbejane soos wat dit neerslag vind in plek-, plant- en diername; in volksverhale en ander tekste; in oorlewerings; musiek; in "die taal wat ons praat" (p. 47) – sonder dat die metode of volledigheid waarmee die navorsing gedoen is, aangedui word. Die vyfde hoofstuk, oor "bobbejaantrekke en -streke" bied waardevolle inligting oor bobbejaanspesies, eetgewoontes, voortplanting, en sosiale gewoontes en verhoudinge – telkens uitstekend geïllustreer met treffende foto's. In hierdie hoofstuk lê myns insiens die kern van die boek wat *Bôgom* behoort te wees, of minstens dan kán wees.

Die beste ding wat mens ’n outeur met ’n reputasie soos dié van Gerber, en ’n boek met die materiaal (en dan veral: fotografiese materiaal) en moontlikhede van dié van *Bôgom* kan toewens, is ’n spoedige heruitgawe waarin toonaard, aanbod en aanslag grondig hersien word, sodat die navorsing en kreatiewe insette wat hieragter lê, tot hul reg kan kom in ’n boek wat sowel bloot in die verbygaan geïnteresseerde, as ingeligte, lesers eer aandoen.

# Kaapse geskiedenis van die sewentiende en agtiende eeu

**Sleigh, Dan.** 2004. **Die buiteposte: VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795.** Pretoria: Protea Boekhuis. 792 p. Prys: R299,95. ISBN: 1-86919-085-8.

**Resensent:** *Johann W.N. Tempelhoff*
Skool vir Basiese Wetenskappe,
Vaaldriehoekkampus, Noordwes-Universiteit)

Historici heg buitengewone waarde aan geskiedenis wat geskryf word aan die hand van primêre dokumente. Primêre dokumente is materiaal wat oënskynlik onsamehangend en fragmentaries in die argief voorkom. By noukeurige interpretasie en analise neem dit egter die gestalte aan van ’n gefundeerde relaas van gebeure wat lig werp op die verlede. Die omwenteling wat in die tweede helfte van die twintigste eeu in die elektroniese inligtingsmedia plaasgevind het, asook die toenemende gewildheid van die eietydse geskiedenis, het in ’n groot mate daartoe aanleiding gegee dat navorsing oor die Kaapse geskiedenis van die sewentiende en agtiende eeu, vir lank ’n geslote terrein van ondersoek was. Bydraend hiertoe was die feit dat die dokumentasie grootliks in ’n ou Nederlandse vorm en met die hand geskryf was. Die Britse tussenbewind aan die Kaap (1795-1802) en die finale oorname in 1806, het ’n omvangryke invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgeoefen. Hierdie dokumentasie was redelik maklik toeganklik en dit was moontlik deels vir die verwaarlosing van veral die agtiende-eeuse Kaapse geskiedenis verantwoordelik.

Historici het dus met heelwat belangstelling kennis geneem van Dan Sleigh se werk, *Die buiteposte* (in 1993 gepubliseer), met ’n eerste oplaag van 500 eksemplare. Dié werk van bykans 800 bladsye, is oor ’n tydperk van drie dekades nagevors en geskryf. *Die buiteposte* slaag uitstekend daarin om mededelings te maak oor belangrike aspekte van die Kaapse geskiedenis.

In vele opsigte was die Kaapse geskiedenis ’n andersoortige geskiedenis. Op grond van die verhaal wat uit die primêre dokumente saamgestel is, konsentreer hierdie werk grootliks op die ekonomiese aspekte van die skeepvaartgeskiedenis van die eerste Nederlandse multi-nasionale korporasie, die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), aan die Kaap. Die aksent op materiële grondslae vervul ’n waardevolle funksie. Dit stel Sleigh in staat om op ’n onbevange wyse na menslike handelinge in die era van Merkantilisme en ontluikende Westerse kolonialisme ondersoek in te stel. Sleigh het geskryf in die tyd toe die Franse *Annales*-skool van geskiedskrywing die voorbeeld gestel het vir die wyse waarop die dissipline in Brittanje en die Verenigde State beoefen is. Uitstaande kenmerke van hierdie benadering was dat daar van die historikus verwag is om analities met die bronne om te gaan, kwantitatiewe afleidings te maak en ’n sintese te skep wat vanuit ’n eietydse problematiek op die verwyderde van toepassing gemaak is. Tipies van hierdie tipe studies is daar ook ’n magdom tabelle wat samevattende gegewens weergee oor onder meer die getalle van die bemanning wat op die verskillende buiteposte diens gelewer het, die veestapel wat plaaslik versorg is, aktiwiteite wat aan die orde was en die verdienstes wat daaruit voortgespruit het. Ook word illustrasies, soos plaaslike en internasionale landkaarte, die planne van sommige van die buiteposte en kunstenaarsvoorstellings van dié plekke weergegee.

Baie van die *Annales*-skool se werk was in ’n nieu-marxistiese korset gegiet. Sleigh het daardie slaggat egter vermy. Daardeur het die werk sy relevansie behou. *Die buiteposte* is – met uitsondering van die heelwat vroeër werk van P.J. van der Merwe (oor die mobiliteit van trekboerbewegings wat die Groot Trek voorafgegaan het) en F.J. Potgieter se studie (oor blanke vestiging in Transvaal tot 1886) – waarskynlik een van die beste voorbeelde in die Afrikaanse historiografie wat binne die teoretiese raamwerk van die *Annales*-tradisie geskryf is.

*Die buiteposte* is in vier afdelings gedeel. Die eerste afdeling is in ’n groot mate ’n analitiese studie van die volgende: die verskynsel van

buiteposte aan die Kaap (ook op eilande in die Indiese oseaan); die administrasie van hierdie instellings; die inheemse bevolking en hulle verhouding met die mense wat by die buiteposte diens gedoen het; die werkers op die buiteposte. 'n Kenmerk van die gegewens is die feit dat dit grootliks in die raamwerk van Clifford Geertz se "digte beskrywing" (*thick description*) inpas. Gevolgtrekkings word slegs gebaseer op omvattende kennisname en fundering van gegewens wat in die primêre dokumente (sowel gepubliseerde as ongepubliseerde bronnemateriaal) vervat is. Die leser kry sodoende die geleentheid om deur middel van Sleigh se narratiewe mededeling, gefundeerde aannames te maak van byvoorbeeld veesiektes, klimaatsomstandighede, die benutting van natuurlike hulpbronne byvoorbeeld hout en die relatiewe rykdom (in terme van veestapel) wat die VOC aan die Kaap opgebou het.

Sleigh slaag voortreflik daarin om 'n blote institusionele geskiedskrywing te vermy, deur slegs kennis te neem van die wyse waarop sleutelamptenare administratiewe toesig oor die buiteposte gehou het.

Op die terrein van interaksie tussen die VOC-amptenare en die inheemse bevolking by die buiteposte, kom 'n uitsonderlike verhaal van kulturele kontak na vore. Kulturele kontak moet gesien word in die feit dat die VOC vir lank aangewese was op handel met die inheemse Khoikhoi-bevolking om hulle veestapel aan te vul. In die lig hiervan word die grondslae van kulturele interaksie tussen mense van Europa en dié van Afrika verken. Handel, 'n goue sleutel tot die verstaan van koloniale geskiedenis, word noukeurig uitgespel – van die middele wat gebruik is om handel te dryf, tot die metodes wat gevolg is om handel te laat plaasvind. Die wyse waarop die burgerlike boeregemeenskap, van Europese afkoms, verhoudinge met onder meer die Khoikhoi (Sleigh gebruik Koina) en die Xhosa gereël het, word dus duidelik. Sleigh gee omvangryk aandag aan die geskiedenis van die gewone mense. Die alledaagse lewe van die "werkers" op die buiteposte staan betreklik sentraal in die studie. Daar is gegewens oor hulle vergoeding, kleredrag, rantsoene wat hulle van die VOC ontvang het, die dissipline wat gehandhaaf is, die moreel van die mense en die rol wat hulle vervul het om die kolonie te beveilig.

In Afdeling twee word 'n gedetailleerde beskrywing gegee van elk van die 57 buiteposte wat oor 'n tydperk van 143 jaar aan die Kaap gestig is. In meer as een opsig gee hierdie beskrywings 'n voorgeskiedenis van vroeë stedelike nedersettings soos Nuweland,

Muizenberg en Houtbaai. Die plaaslike geskiedenis van toekomstige dorpe soos Riviersonderend, Mosselbaai, Plettenberbaai, Saldanhabaai en Drakenstein word ook weergegee. Selfs die verhaal van Robbenleiland as buitepos word ook beskryf.

Afdelings drie en vier gee die agtergrond en redes vir die sluiting van die buiteposte, asook ’n evaluering van die stelsel. In ’n groot mate het die beëindiging van die stelsel saamgehang met die veranderde rol van die VOC en die agteruitgang van die Nederlandse koloniale invloed in Afrika en die Verre-Ooste. Die waarde van die buiteposte, verduidelik Sleigh, is daarin gesetel dat dit die terrein voorberei het waar nedersetters van Europese afkoms hulle tussen inheemse gemeenskappe sou vestig. Die buiteposte het die nedersettingsterrein geword van baie families wat in die afsienbare toekoms ’n integrale deel van die Suid-Afrikaanse samelewing sou uitmaak. Vir liefhebbers van en navorsers oor die Afrikaanse genealogie bied *Die buiteposte* ook heelwat inligting.

*Die buiteposte* is dié soort studie wat van onskatbare waarde is vir ernstige navorsers oor die sewentiende- en agtiende-eeuse geskiedenis van die Kaap onder Nederlandse invloed. Saamgelees met die werke van Karl Schoeman, Robert Ross, Nigel Worden, Nigel Penn, Jan Visagie, Con de Wet, Gerrit Schutte en Anna Boëseken, behoort lesers ’n betekenisvolle indruk te kry van die vroeë Kaapse samelewing in die era van die moderne geskiedenis van Suid-Afrika.

Sleigh se werk is egter in baie opsigte in ’n klas van sy eie. Dit is ’n studie wat met reg op die status van ’n standaardwerk in die Suid-Afrikaanse historiografie kan aanspraak maak. Dit span die kroon op ’n era in die twintigste-eeuse wetenskaplike geskiedskrywing in Afrikaans, waaroor daar in die toekoms nog heelwat besin sal word.

# Johanna Brandt – in diens van haar land

**Van der Merwe, Rita.** 2004. **Johanna Brandt en die kritieke jare in die Transvaal, 1899-1908.**
Pretoria: Protea Boekhuis. 180 p. Prys: R120,00. ISBN: 1-919825-20-7.

**Resensent:** *L.A. Changuion*
(Dept. Historiese & Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria)

Johanna Brandt is by baie mense ’n bekende naam, veral as gevolg van haar rol tydens die Anglo-Boereoorlog en haar boek *Die kappie kommando* wat in 1913 verskyn het. Min is egter oor haar private lewe geskryf. Soos die titel van die boek aandui, word ’n greep uit die lewe van Johanna Brandt in hierdie boek uitgelig.

Die skrywer se gelyknamige MA-verhandeling het in 1989 by die Universiteit van Pretoria die lig gesien. Dié studie is gebaseer op die inligting uit ’n reeks dagboeke wat Johanna Brandt tydens die Anglo-Boereoorlog gehou het, asook Brand se boeke wat ná die oorlog verskyn het en inligting wat uit ander publikasies en argivale bronne verkry is.

Wat belangrik is, is dat Van der Merwe nie bloot ’n chronologiese opeenvolging van gebeure weergee nie. Johanna Brandt se optrede word na waarde geskat as ’n voorbeeld van die optrede van ’n tipiese Afrikaanse vrou tydens die oorlog en daarna.

Die eerste van vyf hoofstukke bied ’n agtergrond van die lewe van Johanna Brandt (neé Van Warmelo). Haar afkoms en jeugjare as predikantskind word bespreek. Die hoofstuk sluit af met ’n beskrywing van “Harmony”, die huis met sy ruim gronde waarin Johanna, haar moeder en broers hulle kort voor die oorlog in Pretoria gevestig het.

Daarna volg Johanna se belewenis van ’n oorloggeteisterde Pretoria. Soos die geval met menige ander Boerefamilies, was haar broers deel van die vegtende republikeinse magte. Johanna self het as ’n verpleegster in die Volkshospitaal en die Staatsmeisieskool diens gedoen. Tydens die Britse besetting van Pretoria, het Johanna die geleentheid op Kerkplein gadegeslaan. Die ligging van die Britse residensie naby Harmony en die gewildheid van Sunnyside as ’n kampterrein vir Britse troepe, het tot gevolg gehad dat die Van Warmelo’s vir die grootste gedeelte van die oorlog van alle kante

deur die Britte omring was. Hulle het egter op goeie voet met die Britse militêre goewerneur, generaal-majoor J.G. Maxwell, verkeer en hulle lewe kon relatief onverstoord in Harmony voortgaan.

Na die stigting van die konsentrasiekamp te Irene, het ’n groep vroue van Pretoria, waaronder ook Johanna, vrywillige verpleeg- en ondersteuningswerk in die kamp verrig. Dit is veral hiervoor wat Johanna Brandt bekend is en saam met die groep vroue het sy alles in haar vermoë gedoen om die lot van die kampinwoners te verlig. Indirek het Johanna en haar moeder se pogings om die toestande in die kampe aan die buitewêreld bekend te maak, daartoe bygedra dat die Britse owerhede in 1901 ’n kommissie aangestel het om die toestande in die kampe te ondersoek. Danksy hierdie kommissie se werk, het Johanna, toe sy die kamp weer in 1902 besoek het, opgemerk dat toestande baie verbeter het.

Na haar dienstydperk in die kamp, het Johanna en haar moeder vanuit hulle woning in Sunnyside, geleidelik by spioenasie-aktiwiteite vir die Boeremagte betrokke geraak. Uit haar geskrifte blyk dit dat hierdie ’n baie senutergende tydperk vir albei van hulle was. Hulle het onder meer gehelp om burgers uit Pretoria te smokkel sodat hulle weer by die Boeremagte kon aansluit. Hulle het ook inligting verby die neuse van die Britse sensors uit Pretoria gesmokkel en na president Kruger en ander Boereleiers in Europa gestuur.

In die laaste hoofstuk word aandag geskenk aan die tydperk ná die Anglo-Boereoorlog. Kort na die vredesluiting is Johanna na Europa waar sy met dominee Louis Brandt in die huwelik getree het. Teen die einde van Desember 1903 was die Brandts terug in Suid-Afrika en vroeg in 1904 het hulle hul in Noord-Transvaal gevestig waar haar man ’n beroep gekry het. In hierdie verarmde deel van die land het hulle baie vir die opheffing van die mense van die streek gedoen. Johanna het onder meer gehelp om ’n spinskool, in aansluiting by dié wat deur Emily Hobhouse gestig is, tot stand te bring. In 1908 het Louis Brandt ’n beroep na Johannesburg aanvaar. Johanna het daarna noodgedwonge minder tyd aan opheffingswerk en meer tyd aan haar gesin van sewe kinders gewy.

Die boek sluit af met ’n addendum waarin die argivale dokumentasie en publikasies en ook die publikasies van Johanna Brandt wat vir die navorsing gebruik is, bespreek en beoordeel word.

In sy geheel getuig die boek van deeglike navorsing. Die feit dat daar van *konsentrasiekampe* in Ceylon en Bermuda, in plaas van *krygsgevangenekampe* gepraat word en ook dat die Pretoria van die

Anglo-Boereoorlog ’n *stad* in plaas van ’n *dorp* genoem word – Johanna Brandt verwys in haar dagboeke byvoorbeeld self na Pretoria as ’n dorp (Pretoria het eers in 1931 stadstatus verkry) – doen nie afbreuk aan die boek nie.

*Johanna Brandt* is ’n interessante boek wat ’n mens beslis meer insig in die uitwerking en gevolge wat die Anglo-Boereoorlog op die nie-vegtende deel van die Boerebevolking gehad het gee. Die boek is beslis ’n aanwins tot die versameling boeke wat reeds oor die Anglo-Boere oorlog verskyn het.

# Oor godsdienstige instellings, gemeenskappe en die reg

**Van der Vyver, Johann D.** 2004. **Leuven lectures on religious institutions, religious communities and rights.** Leuven: Peeters. (Canon law monograph series, no. 5.) 119 p. Price: €40,00. ISBN: 90-429-1497-1.

**Resensent:** *N. Vorster*
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie boek bestaan uit vier lesings wat die bekende regsgeleerde, prof. Johan van der Vyver, in 2004 by die Leuven Universiteit se Fakulteit vir Kanonieke Reg gelewer het. Hoewel hierdie lesings verskillende onderwerpe hanteer, bevat die onderwerpe onderlinge raakpunte en vertoon die lesings ’n eenheid in juridiese en filosofiese gedagtegang.

In die eerste lesing, *Constitutional Arrangements of Church-State relations,* word die probleem met betrekking tot die grondwetlike beskerming van godsdienstige instellings, gemeenskappe en regte behandel. Van der Vyver gee ’n oorsig oor die verskillende modelle wat in moderne grondwette aangewend word om die verhouding tussen kerk en staat te reël. Hy onderskei tussen die sekulêre model (wat kerk en staat rigied skei), die teokratiese model (wat kerk en staat met mekaar identifiseer), die Rooms-Katolieke model (wat

staat en kerk subordinate van mekaar op elkeen se eie terrein maak), en die Calvinistiese model (wat klem lê op die beginsel van soewereiniteit in eie kring, waarvolgens elke samelewingsverband 'n unieke identiteit het, maar ook onderlinge raakpunte met ander samelewingsverbande vertoon).

In die tweede lesing, *The doctrine of sphere sovereignty*, brei Van der Vyver uit op die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Hy verduidelik hoe die begrip histories binne die Nederlandse Calvinisme ontwikkel het, bespreek kontemporêre sienings van soewereiniteit in eie kring, en toon aan hoe die beginsel neerslag vind in moderne grondwette, maar terselftertyd ook oortree word. Volgens Van der Vyver moet die beginsel van soewereiniteit in eie kring gerespekteer word indien staatstotalitarisme vermy wil word.

Dit is ironies dat Van der Vyver in sy lewenswerk juis die beginsel van soewereiniteit in eie kring gebruik om staatstotalitarisme te beveg. Apartheidsfilosowe het hierdie selfde konsep gebruik (misbruik?) om Apartheid te regverdig. Op p. 40 gee Van der Vyver moontlik 'n leidraad vir die rede waarom dit gebeur het. Hy wys daarop dat Kuyper die konsep van soewereiniteit in eie kring verabsoluteer het deur dit nie net op strukture of instellings met 'n juridiese status toe te pas nie, maar ook op sosiale groepe, sonder 'n organisatoriese struktuur. Apartheidsfilosowe het dieselfde fout gemaak, deur die konsep van soewereiniteit in eie kring op volkere toe te pas.

Die derde lesing, *The right to self determination of religious communities,* handel oor die veelbesproke onderwerp van selfbeskikking. Van der Vyver wys daarop dat hierdie konsep maklik misbruik kan word om ongeldige groeps-aspirasies na te streef. Tog is dit belangrik dat etniese, kulturele, religieuse en linguistiese verskeidenheid binne die politieke en juridiese strukture van 'n staat geakkomodeer moet word. Na 'n bespreking van die historiese en juridiese ontwikkeling van die konsep, gee hy belangrike riglyne vir die korrekte hantering van die beginsel van selfbeskikking. Die essensie van die reg tot selfbeskikking bestaan daarin dat die belange wat beskerm word, gedikteer moet word deur die aard van die groep.

In die vierde lesing, *Rerum Novarum and economic and social rights*, hanteer Van der Vyver die konsep van sosio-ekonomiese regte. Hy bespreek die bydrae wat die Rooms-Katolieke ensikliek, *Rerum Novarum*, tot die ontwikkeling van die konsep gelewer het,

ander historiese invloede op die konsep, asook hoe dit tans in die Suid-Afrikaanse Grondwet neerslag kry.

Die *Leuven lectures*, kan ten sterkste aanbeveel word vir enige regsgeleerde of teoloog wat in godsdienstige regte belangstel, en wel om die volgende redes:

- Die boek bevat ’n sterk en goed gefundeerde regsfilosofiese grondslag wat regslui kan oriënteer in maniere waarop godsdienstige instellings, gemeenskappe en regte effektief en verantwoordelik beskerm kan word, sonder om demokratiese beginsels in die gedrang te bring.
- In elke lesing word waardevolle historiese perspektiewe gebied wat by die leser ’n goeie verstaan van die onderwerp skep. Dogmas en teorieë word krities geëvalueer en waardevolle praktiese voorstelle word gemaak.
- Die boek bevat ook ’n deeglike, omvattende en resente oorsig oor die maniere waarop verskillende grondwette en internasionale dokumente met godsdienstige regte omgaan.

Die Calvinistiese (Reformatoriese) samelewingsleer word tans in Suid-Afrika heftig aangeval, omdat dit dikwels verkeerdelik met die Apartheidsideologie geassosieer word. Van der Vyver se boek toon op ’n treffende wyse aan hoe relevant die Reformatoriese samelewingsleer nog steeds in die moderne samelewing kan wees.